higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GSN220**(A)**(N11)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

REKENAARPRAKTYK N5

(6030165)

11 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye en 1 antwoordblad.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
REKENAARPRAKTYK N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

   AFDELING A: Teorie (30 punte)
   AFDELING B: Woordverwerking (70 punte)
   AFDELING C: Sigblad (70 punte)
   AFDELING D: Databasis (30 punte)

   AFDELING A VRAAG 1 en 2 moet op die aangehegte ANTWOORDBLAD beantwoord word en in die EKSAMENOMSLAG geplaas word. Ongeveer 30 minute moet aan hierdie afdeling afgestaan word.

   AFDELING B word met behulp van 'n woordverwerkingsprogram gedoen. Ongeveer 1 uur moet aan hierdie afdeling afgestaan word.

   AFDELING C word met behulp van 'n sigbladprogram gedoen en ongeveer 1 uur moet aan hierdie afdeling afgestaan word.

   AFDELING D word met behulp van 'n databasisprogram gedoen en ongeveer 30 minute moet aan hierdie afdeling afgestaan word.

2. Die toegelate tyd vir die vraestel is DRIE uur. Antwoorde moet gedruk word in die DRIE uur toegelaat vir insleuteling.

3. Werk moet gereeld gestoor word om tydens 'n kragonderbreking verlies te voorkom van data wat reeds ingesleutel is. Slegs die tyd vir die duur van die kragonderbreking sal bykomend toegelaat word – GEEN ekstra tyd sal vir verlies van werk toegelaat word nie.

4. In geval van 'n kragonderbreking of 'n rekenaar of drukker wat onklaar raak, sal die toesighouer die nodige reëlings tref vir die kandidaat om voort te gaan en die werklike verlore tyd sal bygevoeg word.

5. Indien daar 'n probleem met sekere drukkers is, byvoorbeeld 'n ê word nie gedruk nie, moet 'n verslag hieroor saam met die sentrum se DRUKSTUKKE gestuur word.

Kopiereg voorbehou

6. Kandidate mag die ASCII-kodes gebruik. GEEN studiemateriaal (aantekeninge, handboeke of inligtingstukke) mag in die eksamenlokaal ingeneem word nie.

7. 'n Speltoetser mag gebruik word.

8. Elke antwoord moet op 'n afsonderlike bladsy en slegs aan EEN KANT van die bladsy gedruk word.

9. DRUKSTUKKE wat nagesien moet word, moet in dieselfde volgorde as die vrae in die vraestel gerangskik word. Slegs EEN DRUKSTUK per vraag mag ingegee word.

10. In AFDELING B van die vraestel mag slegs COURIER NEW 12 pt gebruik word. In AFDELING C en AFDELING D mag Courier New 12 pt, Calibri 11 pt of Arial 10 pt gebruik word. In AFDELING B moet kantruimtes van 2,54 cm/1" gebruik word tensy anders aangedui word.

11. GEEN vraestel mag uit die eksamenlokaal geneem word voor minstens EEN uur na die aanvang van die laaste sessie nie.

12. Die EKSAMENNOMMER van die kandidaat en die SENTRUMNOMMER moet op die buiteblad van die EKSAMENOMSLAG geskryf word en die sagtewareweergawe (byvoorbeeld MS Office 2013) moet boaan die buiteblad aangedui word.

13. MAAK seker dat elke DRUKSTUK die EKSAMENNOMMER en die VRAAGNOMMER vertoon soos aangedui.

14. Handgeskrewe EKSAMENNOMMERS is NIE aanvaarbaar nie. GEEN antwoorde sonder EKSAMENNOMMERS sal nagesien word nie.

15. In geval 'n vraestel in meer as een sessie by 'n sentrum geskryf word, moet toesighouers verseker dat ALLE antwoorde van kandidate van die hardeskywe of netwerke verwyder is voordat die kandidate vir die volgende sessie in die lokaal toegelaat word.

16. Aan die einde van die eksamensessie moet elke kandidaat ALLE DRUKSTUKKE asook die disket met die gestoorde antwoorde (behoorlik gemerk met die kandidaat se EKSAMENNOMMER) ingegee. Indien werk op die hardeskyf/netwerk gestoor is, moet toesighouers dit op 'n kompakskyf/geheuestokkie stoor en die antwoorde moet van die hardeskyf/netwerk uitgevee word. Antwoorde moet vir ten minste SES maande bewaar word in geval van navrae.

17. GEEN kandidaat mag sy/haar werk vir 'n ander kandidaat druk, sy/haar disket vir 'n ander kandidaat beskikbaar stel of toegang tot 'n ander kandidaat se werk op die netwerk verkry nie. Enige poging om toegang tot ander kandidate se inligting te verkry of om inligting op enige manier na ander kandidate oor te dra is 'n oortreding van die eksamenreëls en sal in 'n ernstige lig beskou word.

Kopiereg voorbehou

WAG VIR DIE INSTRUKSIE VAN DIE TOESIGHOUER VOORDAT JY OMBLAAI.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: TEORIE

VRAAG 1 en VRAAG 2 moet op die ANTWOORDBLAD beantwoord word.

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) op die aangehegte ANTWOORDBLAD neer.

1.1 Herstelling van 'n rekenaar (*Restoring a computer*) beïnvloed geen … nie.

A datalêers
B persoonlike datalêers
C toepassingslêers
D programlêers

1.2 Rekenaars versamel data, wat beteken dat hulle gebruikers die … van data toelaat.

A aanbied
B invoer
C afvoer
D stoor

1.3 Rekenaars prosesseer data tot inligting deur uitsluitlik … te gebruik.

A multimedia
B woorde
C karakters
D getalle

1.4 'n … is sowat 'n miljoen grepe (*bytes*).

A Gigagreep
B Kilogreep
C Megagreep
D Teragreep

1.5 Woordverwerking, sigblaaie en fotoredigering is voorbeelde van …

A toepassingsagteware.
B stelselsagteware.
C bedryfstelselsagteware.
D platformsagteware.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (2.1–2.5) op die aangehegte ANTWOORDBLAD neer.

2.1 Binêre taal bestaan uit TWEE syfers: (0 en 1/0 en i).

2.2 Die beheereenheid is deel van die (sentrale verwerkingseenheid/willekeurige toegangsgeheue).

2.3 Die proses (dataontginning/datavaslegging) speur neigings na en laat kleinhandelaars toe om op verbruikerskooppatrone te reageer.

2.4 (Simulators/Robotte) van pasiënte is lewensgrootte poppe met 'n pols en 'n hartklop wat net soos mense op prosedures reageer.

2.5 Om met die muis op 'n (ikoon/stippel) te klik is 'n manier waarop 'n instruksie aan die rekenaar gegee word.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Maak die lêerstruktuur in die REKENAARPRAKTYK N5-lêergids oop.

Voeg jou EKSAMENNOMMER links en die VRAAGNOMMER regs in as kopskrif (*header*) op alle drukstukke.

3.1 3.1.1 Skep die lêergids SUID-AFRIKAANSE STOEIFEDERASIE.

3.1.2 Skuif die lêergids STOEI en GEWIG na die lêergids SUID-AFRIKAANSE STOEIFEDERASIE.

3.1.3 Hernoem die lêer STATEBOND in die STOEI-lêergids na STATEBONDSPELE.

3.1.4 Hernoem die OLIMPIES-lêer in die STOEI-lêergids na OLIMPIESE SPELE.

3.1.5 Skep 'n Excel-lêer SUID-AFRIKAANSE JEUGKAMPIOENSKAP in die STOEI-lêergids.

3.1.6 Skep 'n sublêergids SUID-AFRIKAANSE BYEENKOMSTE in die STOEI-lêergids.

3.1.7 Rangskik die inhoud in dalende volgorde volgens naam.

3.1.8 Vertoon die inhoud van die STOEI-lêergids. Maak 'n skermdruk van hierdie opdragte. Verseker dat die kopskrif korrek is.

(9 × 1) (9)

Kopiereg voorbehou

3.2 3.2.1 Skep 'n PowerPoint-lêer STOEISTYLE in die GEWIG-lêergids.

3.2.2 Skep 'n Word-lêer GRECO ROMAN in die GEWIG-lêergids.

3.2.3 Skep 'n Access-lêer VRYAANSLAG in die GEWIG-lêergids.

3.2.4 Verander die *view* van die lêergids na *SMALL ICONS*.

3.2.5 Skrap die lêer HALWE NELSON in die GEWIG-lêergids.

3.2.6 Vertoon die inhoud van die GEWIG-lêergids. Maak 'n skermdruk van hierdie opdragte. Verseker dat die kopskrif korrek is.

(6 × 1) (6)

3.3 3.3.1 Verander die eienskap (*attribute*) van die STATEBONDSPELE-lêer in die STOEI-lêergids na leesalleen.

3.3.2 Verander die dokument sodat dit met WordPad oopgemaak word.

3.3.3 Maak 'n skermdruk van hierdie opdragte. Verseker dat die kopskrif korrek is.

(3 × 1) (3)

3.4 3.4.1 Vertoon die beskikbare skryfspasie op die hardeskryfaandrywer.

3.4.2 Benoem die volume-etiket na RP N5.

3.4.3 Maak 'n skermdruk van hierdie opdragte. Verseker dat die kopskrif korrek is.

(2 × 1) (2)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4B

Hierdie dokument is reeds op jou disket/hardeskyf as V4A ingesleutel.

4.1 Herwin die dokument gestoor as V4A.

4.2 Redigeer die dokument volgens die instruksies hier onder en soos aangedui in die teks op die volgende bladsye.

4.3 Verander VRAAG 4A in die kopskrif (*header*) na VRAAG 4B linksbelyn en voeg jou EKSAMENNOMMER gesentreerd in. Maak seker jy gebruik dieselfde font en fontgrootte as in die res van die dokument.

4.4 Verander die linker- en regterkantruimte van die dokument na 2,54 cm/1".

4.5 Voeg die volgende voetnota in waar aangedui in die teks met die formaat 1:

Die punt waar jy geen oefening meer kan herhaal nie

4.6 Nommer die reëls in die paragraaf wat begin met 'Vanweë die ... stoeiwedstryd:' en begin met 55.

4.7 Voeg bladsynommers onder gesentreerd in op al die bladsye. Begin met 5 en gebruik die formaat: Page 5.

4.8 Voeg die eindnota in vetdruk in soos aangedui in die teks met die formaat i. Die teks vir die eindnota is soos volg:

R500 goud, R400 silwer, R300 brons

4.9 Soek die woord 'stoei' en verander dit na hoofletters en vetdruk.

4.10 Sentreer bladsy 2 and 3 vertikaal.

4.11 Stoor die dokument as VRAAG 4B.

4.12 Maak 'n DRUKSTUK van die dokument en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4B (VERVOLG)

Om jou liggaam stoeifiks te kry **bk, vetdruk, sentreer**

Om jou liggaam in die bes moontlike toestand te kry en dit vol te hou kan jou help om jou volle potensiaal as stoeier te bereik. As jy fiks en liggaamlik sterk is, kan jy jou opponent se bewegings tydens 'n geveg beter hanteer. Hier is 'n paar basiese aspekte van fiksheid en gesondheid wat jou kan help om tydens die stoeiseisoen fiks te bly.

Rus: Genoeg gehalte rus is noodsaaklik vir sukses op die stoeimat. Ontspan vir ten minste een dag per week tydens die seisoen en slaap elke nag agt uur lank. Oefensessies en opleiding moet nie langer as 150 minute in seisoen wees nie.

Vermy siektes: Kontroleer jou vel elke dag vir enige kneusings, swelsels, seerplekke en tekstuurverandering. Was jou lyf met antibakteriese seep en was jou oefenklere elke dag. Moet nooit jou hemde, kortbroeke, handdoeke of kopdoeke met spanmaats deel nie. Impetigo, herpes en kruipsere is net enkele van die velsiektes wat stoeiers algemeen kry en wat jy kan voorkom deur hierdie maklike stappe te volg.

Voeg kolpunte in en keep in by 1,27 cm/ 0,5", 10 pt

Uithouvermoë **bk, vetdruk, onderstreep**

Voeg TWEE kolomme in met 'n vertikaal lyn, justeer inhoud in kolomme

Alle stoeiers moet uithouvermoë hê as hulle suksesvol wil wees, met ander woorde, jou hart se vermoë om vir lang tye intense oefenvlakke vol te hou moet opgebou word. Om gereed te wees vir kompetisie moet jy in staat wees om met 'n volgehoue intensiteit veertig minute lank te hardloop of op 'n oefenfiets te ry.

Kolom 1

Kragoefeninge **bk, vetdruk, onderstreep**

Jy en jou afrigter moet oefenprogramme ontwikkel wat die maksimum krag vermeerder waarmee jou spiere weerstand kan bied. Jou spiere word sterker wanneer jy *tydelike spierversaking* ervaar.

Voeg voetnota hier in

Die punt van tydelike spierversaking behoort ervaar te word op die 11de of 12de herhaling van 'n oefening in die 2de en 3de stel van 'n kragbouplan van 3-stel/12-herhalings. Sommige goeie basiese kragbouoefeninge sluit in balkdruk, skouerdruk, trisepverlenging, regoproei, optrekke, beenverlenging, beendraaie en armdraaie.

Kolom 2

bladsybreuk

Soepelheid **bk, vetdruk, kursief**

Om 'n stoeier te wees wat rats en vinnig op sy voete is, moet jy jou spiere en gewrigte se vermoë verbeter om deur volledige bewegings te strek. Jy kan soepelheid ontwikkel deur ligte dinamiese losmaakoefeninge te doen gevolg deur strekoefeninge voor en na elke oefensessie. ╪ [Dinamiese losmaakoefeninge sluit in: [skoppe, [toonraak-stap, [draf met knieë hoog gelig, [laterale draf, [carioca-draf en [armsirkels. ╪

Voeg kolpunte in en keep in by 1,27 cm/ 0,5", NR

VRAAG 4B (VERVOLG)

Wat strek betref, moet die fokus wees op die strek van die hoofspiergroepe (dyspiere, kwadriseps, heupspiere, lae rug, skouers, boudspiere en nek); doen elke strek vir 15 tot 30 sekondes.

Voeding **bk, vetdruk, kursief**

Jy moet verstaan hoe koolhidrate, proteïene en vette jou stoeivermoë en oefening tydens, voor en na afrigting beïnvloed. Terwyl die dieetbehoeftes van elke stoeier van verskeie faktore afhang, insluitend ouderdom en geslag, 'n goeie praktiese reël is om 'n dieet te volg wat bestaan uit 50 persent koolhidrate, 30 persent proteïen en 20 persent vette.

Keep linker- en regterkant-ruimte in by 3 cm/1,18", justeer

Hidrasie

Sowat 75 persent van jou liggaam is water. Vanweë die gewigsklassifikasies in stoei moet jy seker maak jy drink die regte hoeveelheid vloeistof voor, tydens en ná oefening. Drink 2 tot 3 koppies water vier uur voor oefening, 2 koppies twee uur voor oefening, 2 koppies 30 minute voor oefening en 'n 1/2 koppie water elke 15 minute gedurende oefening. Ná oefening moet jy 2 koppies water drink vir elke halwe kilogram wat jy tydens oefening verloor het.

skrap

bladsybreuk

Harsingskudding

'n Kopbesering is 'n breinbesering. Maak dus seker dat jy medies ondersoek word dadelik ná jy enige soort kopbesering opgedoen het. Jou dokter moet ook toestemming verleen voordat jy weer kan begin stoei.

1, 5 r/a, sentreer

Konsentreer op die geveg

lynnommering

Vanweë die man-tot-man-aard van stoei en die relatiewe kort rukkie wat 'n geveg duur, is die benadering tot kompetisie en die verbintenis tot sukses uniek. Die lys hier onder verskaf 'n paar riglyne vir die suksesvolle geestesingesteldheid tot 'n stoeiwedstryd:

Voeg tabel in Arial 12 pt in, verwyder buiterand (*outside border*)

Kandidaat: Vetdruk en sentreer kolomopskrifte

Geestesingesteldheid **bk, vetdruk, sentreer**				
Inspirasie	Positiewe houding	Styl	Kompetisie	Geesteskrag
Eksterne motivering	Vertroue	Vaardig-hede	Begeerte om te wen	Selfbeheersing
Vergoeding	Positiewe gesindheid	Vermoë	Fokus	Geestesvoorsprong

Voeg eindnota in

[40]

VRAAG 5

Jy is die president van SA Stoei en moet lede na 'n geveg uitnooi.

VRAAG 5A

1. Gebruik die possaamvoegfunksie (*mail merge function*) om 'n datalêer te skep met die name en inligting in die tabel hier onder.

	BRIEF 1	**BRIEF 2**	**BRIEF 3**
NAAM	HENRO KRITZINGER	TONY TEU	MILAN POOL
DATUM	20 NOVEMBER 2019	21 NOVEMBER 2019	22 NOVEMBER 2019
SLUITINGSDATUM	10 NOVEMBER 2019	EKSAMENNOMMER	VRAAG 5A
TOEGANGSFOOI	R200	R280	R280

2. Stoor die dokument as VRAAG 5A en druk in landskaporiëntasie. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (7)

VRAAG 5B

1. Gebruik die possaamvoegfunksie (*mail merge function*) om die briewe aan die lede voor te berei (primêre dokument). Gebruik Courier New 12 pt.

2. Voeg jou EKSAMENNOMMER links en VRAAG 5B regs in as kopskrif (*header*). Maak seker jy gebruik dieselfde font en fontgrootte as in die res van die dokument.

3. Voeg velde in soos aangedui tussen hakies, byvoorbeeld [NAAM].

4. Onderstreep die veldname.

5. Kantruimtes van die dokument moet 2,54 cm/1" wees.

6. Stoor die dokument as VRAAG 5B en druk in portretoriëntasie.

7. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5B (VERVOLG)

SA JEUGKAMPIOENSKAP **Ebrima 16 pt, bk, vetdruk, gesentreer**

Tabelstop 10 cm/4" van die kantruimte
Posbus 364
EVANDER
2280

Voeg vandag se datum in

Geagte [NAAM]

Ons hoofgeveg vir die jaar is georganiseer deur Stoei Gauteng-Oos. Die geveg begin om 08:00 in die hoofsaal.

PLEK:	**PORTUGESE SAAL** **EASTWOODSTRAAT 4, TURFFONTEIN,** **JOHANNESBURG**
DATUM:	[DATUM]
SLUITINGSDATUM:	[SLUITINGSDATUM]
TOEGANGSFOOI:	[TOEGANGSFOOI]

Medies en inweeg **bk, sentreer**	
Vrydag	Saterdag
7:00–7:45	6:45–7:30

ryhoogte 1 cm/0,39"
Teks: sentreer horisontaal en vertikaal
Tabel: sentreer horisontaal en pas aan by inhoud

Ons sien daarna uit om jou by die geveg te ontvang.

Groete

M van den Berg
President **bokas**

(19)

VRAAG 5C

1. Voeg die dokumente VRAAG 5A en VRAAG 5B saam in 'n nuwe dokument.

2. Verander die kopskrif (*header)* na VRAAG 5C op AL die bladsye van die nuwe dokument.

3. Stoor die dokument as VRAAG 5C. Druk AL die saamgevoegde briewe in portretoriëntasie en plaas die DRUKSTUKKE in jou EKSAMENOMSLAG.

(4)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 70

AFDELING C

VRAAG 6

Hierdie dokument is reeds op jou disket/hardeskyf as V6A ingesleutel.

VRAAG 6B

1. Herwin die sigblad gestoor as V6A van jou disket/hardeskyf.

2. Verander die kopskrif na VRAAG 6B linksbelyn en voeg jou EKSAMENNOMMER regsbelyn in.

3. Redigeer die sigblad volgens die instruksies hier onder en soos aangedui in die teks.

4. Voeg rye, kolomme en teks in soos aangedui.

5. Voeg horisontale en vertikale lyne in en gebruik die metode waarmee jy bekend is.

6. Pas die kolomwydtes aan sodat die sigblad op EEN A4-landskapbladsy pas.

7. Stoor die sigblad as VRAAG 6B.

8. Druk die sigblad met ry- en kolomopskrifte en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6B (VERVOLG)

	A	B	C	D	E	F	G	H	I	J	K
1	AMPTELIKE UITSLAG VAN KAMPIOENSKAP			**Voeg saam en sentreer**							
2	**Voeg ry in**										
3	FINAAL	**Voeg teks in bk in**									
4	**Voeg ry in**										
5	STRAFPUNTE VIR ALLE FOUTE:			4	**Voeg teks in bk in**						
6	**Voeg ry in**										
7	OUDERDOM	STOEIER	PROVINSIE	TYD	PLEK	PUNTE	FOUTE	FOUTPUNTE		TOTAAL	% TOTAAL
8	15	Nic Jazul	NGW	220 sekondes	1	14	3				
9	13	Casio Dondon	NGW	240 sekondes	2	16	2				
10	9	Henro Kritzinger	NCW	188 sekondes	2	10	1				
11	11	Tony Teu	NCW	65 sekondes	3	12	2				
12	11	Milan Pool	NCW	45 sekondes	2	20	1				
13	11	Minette Kruger	NCW	90 sekondes	1	22	0				
14	TOTAAL	**Voeg teks in bk in**									
15	**Voeg ry in**										
16	HOOGSTE PUNTE BEHAAL:										
17	**Voeg ry in**										
18	GEMIDDELDE FOUTPUNTE:										
19	**Voeg ry in**										
20	TOTALE AANTAL STOEIERS:										
21											

Voeg kolom en teks in bk in

Voeg teks in bk in

(20)

VRAAG 6C

1. Herwin VRAAG 6B en verander die vraagnommer in die kopskrif na VRAAG 6C.

2. Bring AL die veranderinge aan soos aangedui hier onder en op die sigblad op die volgende bladsy.

3. Voeg formules in om die volgende berekeninge te doen waar letters van die alfabet verskyn:

   A TOTAAL = SOM van TOTALE PUNTE

   B FOUTPUNTE = STRAFPUNTE VIR ALLE FOUTE vermenigvuldig met FOUTE

   C TOTAAL = PUNTE minus FOUTPUNTE

   D TOTAAL = SOM van kolom

   E Bepaal die % TOTALE punte van elke stoeier

   F Bepaal die HOOGSTE PUNTE BEHAAL per stoeier

   G Bepaal die GEMIDDELDE FOUTPUNTE per stoeier

   H Bepaal die TOTALE AANTAL STOEIERS

4. Gebruik absolute selverwysing waar nodig.

5. Kopieer AL die formules na die ander selle soos op die sigblad aangedui.

6. Sorteer die sigblad volgens die STOEIER-kolom met ooreenstemmende getalle in stygende volgorde.

7. Vertoon TOTAAL van kolomme, FOUTPUNTE en TOTAAL as heelgetalle.

8. Vertoon HOOGSTE PUNTE BEHAAL, GEMIDDELDE FOUTPUNTE en TOTALE AANTAL STOEIERS as getalle met EEN desimale.

9. Vertoon % TOTAAL as % met geen desimaal.

10. Pas die kolomwydtes aan om die sigblad op EEN A4-landskapbladsy te pas.

11. Stoor die sigblad as VRAAG 6C.

12. Druk die sigblad sonder ry- en kolomopskrifte en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6C (VERVOLG)

	A	B	C	D	E	F	G	H	I	J	K
1	AMPTELIKE UITSLAG VAN KAMPIOENSKAP **18 pt, vetdruk**										
2											
3	FINAAL **kursief**										
4								***Wrap* kolom-opskrifte**			
5	STRAFPUNTE VIR ALLE FOUTE:		4	**Sentreer en vetdruk kolomopskrifte**							
6											
7	OUDERDOM	STOEIER	PROVINSIE	TYD	PLEK	PUNTE	FOUTE	FOUTPUNTE		TOTAAL	% TOTAAL
8	15	Nic Jazul	NGW	220 sekondes	1	14	3	**B**		**C**	**E**
9	13	Casio Dondon	NGW	240 sekondes	2	16	2				
10	9	Henro Kritzinger	NCW	188 sekondes	2	10	1				
11	11	Tony Teu	NCW	65 sekondes	3	12	2				
12	11	Milan Pool	NCW	45 sekondes	2	20	1				
13	11	Minette Kruger	NCW	90 sekondes	1	22	0				
14	TOTAAL					**A**				**D**	
15											
16	HOOGSTE PUNTE BEHAAL:					**F**					
17											
18	GEMIDDELDE FOUTPUNTE:					**G**					
19											
20	TOTALE AANTAL STOEIERS:					**H**					
21											

(25)

VRAAG 6D

1. Herwin VRAAG 6C en verander die vraagnommer in die kopskrif na VRAAG 6D.

2. Vertoon the formules.

3. Pas die kolomwydtes aan sodat ALLE formules leesbaar is.

4. Versteek (*Hide*) kolom C en D.

5. Stoor die sigblad as VRAAG 6D.

6. Druk die sigblad op EEN A4-landskapbladsy met ry- en kolomopskrifte. Moet NIE die *fit-to-one-page* funksie gebruik nie. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(12)

VRAAG 6E

1. Herwin die sigblad gestoor as VRAAG 6C.

2. Skep 'n kolomgrafiek om die PUNTE en die TOTALE PUNTE van elke stoeier met die ouderdom van 11, te vertoon.

3. Voeg die volgende grafiektitels in hoofletters oor DRIE reëls in:

   PUNTE PER STOEIER
   VRAAG 6E
   EKSAMENNOMMER

4. Voorsien geskikte titels vir die X-as en die Y-as.

5. Vertoon die verklaring (*legend*) onder die grafiek.

6. Data-etikette moet *outside end* vertoon word.

7. Stoor die grafiek as VRAAG 6E.

8. Druk die grafiek op 'n nuwe bladsy in landskaporiëntasie. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(13)
[70]

TOTAAL AFDELING C: 70

Kopiereg voorbehou

AFDELING D

VRAAG 7

Skep 'n databasis met die lêernaam STOEI.

7.1 Skep die volgende struktuur:

VELD	SOORT/GROOTTE
NAAM	Maksimum van 20 karakters
VAN	Maksimum van 25 karakters
UITSLAG	Maksimum van 10 karakters
BEDRAG	Sal nie R9 999.99 oorskry nie
ONTVANG	Ja/Nee
EKSAMENNOMMER	Maksimum van 13 karakters

7.2 Stoor die dokument en druk die struktuur in portretorëntasie. Moet NIE enige eienskappe (*properties*) en indekse (*indexes*) druk nie.

[7]

VRAAG 8

8.1 Skep die volgende rekords:

NAAM	VAN	UITSLAG	BEDRAG	ONTVANG	EKSAMENNOMMER
Zanry	Pilcher	Goud	R1 500,00	Ja	Tabel 1
Ashley	Van Breda	Silwer	R1 000,00	Nee	
Petrus	Van der Merwe	Goud	R1 500,00	Ja	
Ruhan	Davel	Brons	R500,00	Nee	
Shilo	Lebamba	Goud	R1 500,00	Ja	
Tony	Teu	Brons	R500,00	Ja	

8.2 Stoor die dokument en druk die rekords in landskaporiëntasie. (8)

8.3 Voeg die kolom KWALIFISEER VIR OLIMPIESE SPELE in as 'n Ja/Nee-veld.

NAAM	VAN	KWALIFISEER VIR OLIMPIESE SPELE
Shilo	Lebamba	Ja
Petrus	Van der Merwe	Ja
Zanry	Pilcher	Ja
Ashley	Van Breda	Nee
Tony	Teu	Nee
Ruhan	Davel	Nee

8.4 Sorteer die inhoud van die databasis in dalende volgorde volgens die bedrag.

8.5 Stoor die dokument en druk die rekords in landskaporiëntasie. (5)

[13]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 9

9.1 Skep 'n verslag wat die volgende kolomopskrifte insluit:

NAAM VAN UITSLAG BEDRAG

9.2 Vertoon slegs die rekords van die bedrae wat kleiner as R1 500 is.

9.3 Sleutel die woord TOTAAL in aan die einde van die verslag onder aan die NAAM-kolom.

9.4 Bepaal die TOTAAL van die BEDRAG en vertoon die antwoord onderaan die BEDRAG-kolom as geldeenheid met 2 desimale.

9.5 Voeg STOEI links en jou EKSAMENNOMMER regs in as opskrif van die verslag.

9.7 Stoor en druk die verslag in portretoriëntasie.

[10]

TOTAAL AFDELING D: 30
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

REKENAARPRAKTYK N5

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

VRAAG 1

1.1 _____

1.2 _____

1.3 _____

1.4 _____

1.5 _____

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

2.1 _____

2.2 _____

2.3 _____

2.4 _____

2.5 _____

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou